# HERMANUS-KUSROETE 2026

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Grotto-Strand na Nuwe Hawe | **DATUM:** | 28 Februarie 2026 |

**KOMMENTAAR**

Ons was 11 mense wat Saterdagoggend 08:00 by die Rock-restaurant by Hermanus se Nuwe Hawe bymekaar gekom het. Ons los 'n paar motors hier en ry almal saam in die ander voertuie na Grotto-strand waar ons begin stap. Die weer is mooi ten spyte van gerugte van sterk wind en reën later die dag. Die melkhoutbome op die eerste deel sorg vir baie foto-stoppe. Toe ons weer in die oopte kom, stop vir iets te ete by bankies met 'n pragtige uitsig oor Walkerbaai. Soms is ons hoog bo die branders en ander kere onder by die wonderlikste getypoele of strandjies. In die verlede is 'n deel van die roete langs die hoofpad herlei omdat die Poole-baai gedeelte te rotsagtig is. Nou loop die hele pad kuslangs danksy die nuwe Poole-baai verlenging (amper 1 km) met sy bruggies en loopvlakke wat op pilare gestut is. (The Poole’s Bay link of the Hermanus Cliff Path has been awarded gold at the SA Institute of Civil Engineering (SAICE) annual awards … noting the dedication of the team ... to overcome challenges posed by wave action. This award is a testament to the community's commitment to enhancing local infrastructure.) By Poole-baai se getypoel het twee van ons geswem (terwyl die res spyt was hulle het nie swemklere gebring nie). Hierna stap ons tot by die Ou Hawe waar ons 'n uur uitsit vir koffie drink, roomys eet, by die winkeltjies rondsnuffel en/of na die see staar. Toe pak ons die laaste 3 km tot by die Nuwe Hawe aan. Hierdie deel is ook nuut. Daar is interessante beeldhouwerke van brons soos mens met die paadjie aanstap - 'n goeie idee omdat dit kuns vir meer mense toeganklik maak. By die Nuwe Hawe word die bestuurders van die motors teruggeneem Grotto-strand toe sodat hulle hul voertuie kon gaan haal. Toe gaan eet ons lekker vis en tjips by die Quayside Cabin voor ons groet. Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings en Arie en Arina van Eck vir die “sweeper”-dienste. Dit is 'n stap wat ons elke jaar kan herhaal.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Chrisna du Toit | 201/2026 | 10 | 151 | |
| Hennie du Toit | 105/2026 | 10 | 151 | |
| Lieneke du Toit | 104/2026 | 10 | 151 | |
| Annetjie Human | 204/2026 | 10 | 151 | |
| Hanna Jacobs | 140/2026 | 10 | 151 | |
| Miranda Myburgh | 092/2026 | 10 | 151 | |
| Amanda Matthee | 045/2026 | 10 | 151 | |
| Sinmarie Pieterse | 082/2026 | 10 | 151 | |
| Amanda Relihan | Nie-lid | 10 | 151 | |
| Arie van Eck | 148/2026 | 10 | 151 | |
| Arina van Eck | 147/2026 | 10 | 151 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **110** | **1661** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Amanda Matthee |